## HOOFSTUK EEN


## INLEIDING

### 1.1 Oriëntering

Die Difaqane as epog in die geskiedenis van Suider-Afrika is ´n aangrypende gebeurtenis wat uitgekring het vanuit Natal en die rimpelinge laat dein het tot sover suid as die Keirivier, wes tot by die Kalahari, noord-wes tot by die Caprivi en noord tot by die Tanganjikameer.

Wat onder die Natalse Nguni begin het as ´n onderwerpingsveldtog en leierskapsbotsing, het geëindig as ´n vernietigingsoorlog. In die totale proses van die Difaqanegebeure is agt en twintig stamme verdelg (Theal, 1891:303), en mense is tot kannibalisme gedwing om te kan oorleef. Wydverspreide fissie, akkulturasie, assosiasie en grootskaalse kultuuroordrag was die gevolg van nomadiese rowerbendes wat weerlose stamme aangeval en van alle lewensmiddele beroof het. Nooit in die geskiedenis van Suider-Afrika was daar na my mening soveel aanslae in so ´n relatief kort tydsgewrig wat soveel verandering met hom meegebring het nie. Hierdie veranderinge, op sosiaal-maatskaplike, politieke, ekonomiese en kulturele gebied, is meegebring deur geweld in sy kruste vorm.

Die doel van hierdie verhandeling is nie om te dien as ´n gedetailleerde weergawe van die totale Difaqanegebeure nie, maar om ´n etno-historiese weergawe te gee van die oorsprong, verloop en die vernaamste karakters en insidente wat ´n rol in die Difaqane-uitbreiding gespeel het. Dit is trouens ´n onmoontlike taak om die volle omvang van die Difaqane te verhaal, en die gebeure soos wat dit elke stam geraak het, te boekstaaf. (Vergelyk diagrammatiese voorstelling van die Difaqane.) Drieërlei redes is voor-die-hand-liggend:


PRIMêRE FASE
Natal
SEKONDêRE FASE
Natal & O.V.S.
UITBREIDINGSFASE
Transvaal, O.V.S., Botswana, N. Kaap
BEEINDIGINGSFASE
Blanke betrokkenheid
HENDRIK POTGIETER
MZILIKAZE (Khumalo/Matabele)
BAPEDI
BAKGATLA
Maribeng
BAKWêNA
(Barolong van Sefunêlô)
BAHURUTSHE
Maphetla
BAROLONG
Bahlakwana
BATLHAPING
Bafokeng
GRIEKWAS
Batlou
KORANAS
Bamolibedi
VOORTREKKERS
MANTATESE (Batlokwa)
MTIMKULU
(Hlubi)
MPANGAZITA
Bheleni
Qunta
Hlati
MATIWANE (Ngwane)
MOSHESH (Basotho)
MOLETSANE (Bataung)
SEBETSWANE (Fokeng/Kololo)
KAPRIVI
Fwe
Ka
LETULU
MAPHUTING
TAWANA
DINGISWAYO (Mthetwa), TSJAKA (Zoeloë), [DINGAAN (Zoeloe)]
ANDRIES PRETORIUS
VENDA
ZWIDE (Ndwandwe)
MAKEDAMA (Elangeni)
KWABE
BUTHELEZI
QUNGEBENI
LALA
OOS-KAAPSE UITBREIDING
XHOSA
FINGO
THEMBU
PONDO
KOL. SOMERSET
OOS-AFRIKAANSE UITBREIDING
SOSHONGANA
(Ndwandwe)
TSONGA
PORTUGESE NEDERSETTINGS
ZWANGENDABA
(Jele)
Nkonde
Senga
Karanga
Lozi
Rotsi
Bisas
Nyanja
Tumbuka
Sukuma
(Angoni)

- geen primêre bronne, wat die hele spektrum van gebeure kan verhaal, is meer beskikbaar nie;

- die sekondêre bronne verhaal slegs bolangs die gebeure soos wat dit enkele stamme of volke se geskiedenis beïnvloed het, en

- die tydsverloop, vanaf 1800 tot vandag, het gebeure laat vervaag en in die niet laat verdwyn.

As gevolg van genoemde redes is dit jammer dat so min oor dié epiese tydvak in die geskiedenis geboekstaaf is, en dat historici tans nie ´n volle beeld kan weergee van die Difaqane nie.

1.2 Uitgangspunt

In hierdie verhandeling vind die Difaqanegebeure uitdrukking as ´n "Etno-historiese" studie. Ongelukkig bestaan daar nie ´n beskrywing wat wat die term "Etno-historie" voldoende verklaar nie. Daarom is daar die noodsaaklikheid van ´n verduidelikende paragraaf wat uitgangpunte en begrippe, deur kenners, belig.

Etno-historie dien volgens Vogel (1975:549): "... to draw prehistorians, ethnologists and historians into a common enterprise." Verder is dit verklarend, uit sy werk, dat etno-historie ´n ryk en gedetailleerde geskiedenis van stambewegings tydens die kontakperiode is. Om te verduidelik: "kontakperiode", in volkekundige terme, is ´n historiese proses wat op kontinue basis kultuurbeïnvloedend inwerk.

Hierby aansluitend verklaar Herkovits (1970:526) dat etno-historie ´n middel of tegniek is in die navorsing van akkulturasie en (1970:608 - 9) dat daar ´n toename in die gebruik van etno-historie as tegniek is, veral by die analise van kulture. Coertze (1987) verklaar dat etno-historie onder andere ook die faktore bestudeer wat ´n invloed uitoefen op die volksbestaan en dat etno-genese wat nou saamhang met etno-historie ook die ontstaan en ontwikkeling van volke hierby

inkorporeer.

Etno-historie wil spesifiek die invloed van die geskiedenis op die akkulturasieproses bestudeer en beskryf (De Klerk, 1976:11), terwyl die etno-genese die faktore wat veranderinge in die volksontwikkelingsgang teweegbring wil verklaar. Dus is dit eerder ´n aksentverskil as ´n waterdigte skeiding tussen die twee werkwyses.

Om die perspektief nou te verplaas na die woord "historie" in die begrip etno-historie, verklaar Van Jaarsveld (1959:i) dat die doel van geskiedskrywing is om " ... deur middel van ´n werkwyse wat ´n tydperk, probleme of historiese persoonlikheid uit die eie, besondere omstandighede wil begryp of verstaan."

Verder verklaar De Klerk (1976:11): "Dit is immers onmoontlik vir die geskiedwetenskap, of vir enige wetenskap om alle gebeure van die verlede noukeurig te rekonstrueer en op te teken vir moontlike gebruik deur ander wetenskaplikes". Aansluitend by die etno-historie konkludeer hy deur te sê dat die historikus die besondere feite selekteer, " ... maar slegs in soverre hulle ´n rol gespeel het in die geskiedenis en bygedra het tot die ontwikkeling van die menslike kultuur."

Wat die navorsingsmetode betref, verskil die etno-historie, net soos Volkekunde, van ander dissiplines in die sin dat afleiding uit verworwe feite as werkmetode aanvaar word. Beals en Hoijer (1973:124) verklaar dat: "...he (the etnohistorian) must use different methods of data collection and, to some extent, analysis."

Met hierdie gegewens as agtergrond kan dus gesê word:

> "Etno-historie is die versameling, verwerking en beskrywing van historiese gegewens soos wat dit gemanifesteer het tydens ´n kontaksituasie binne ´n besondere milieu en tydfase in die kultuurproses van ´n etnos of etnieë."

Vir die samestelling van hierdie studie is verder besluit op ´n tematies-karakterbenadering. Die rede vir hierdie besondere benadering vir die neerpen van feite is omdat die karakters/persoonlikhede, soos wat hulle geleef en gehandel het tydens die Difaqane, binne etniese verband bestaan het en dus tiperend was van die tydsgewrig waarbinne geleef is. Verder het die karakters ´n rol binne stamgenealogiese en etno-kulturele verband vertolk en dus ´n besondere invloed uitgeoefen op die mense en gebeure van die tydsgewrig. Ook kan hiervolgens ´n werklike onderskeid gemaak word tussen aggressors en lydende figure binne die strydfase.

In die karakterbenadering tree etniese verskille ook skerper na vore waar konfliksituasies verskille tussen persone uit andersoortige kulture uitwys. Dus kan kultuurverskille en die gevolglike akkulturatiewe prosesse uitgewys word (byvoorbeeld Mantatese en Mjoli - pp. 72 - 74).

Die tematies-karakterbenadering bied ook egter eiesoortige probleme. By die bestudering van die tema is meer as een karakter by verskeie veldslae en gebeure betrokke, dus is daar oorvleueling - die uitweg was om sekere gedeeltes (Hoofstuk 3), waar dit noodsaaklikerwys gedoen moes word, volgens die chronologiese metode op te teken en andersins elke karakter se bydrae tot die gebeure vanuit daardie oogpunt toe te lig (bv. die slag van Dithakong). Verder is in ander gevalle slegs ´n eenmalige beskrywing gegee en dan terugverwys daarna. Om die volle chronologie egter te behou, is telkens gebruik gemaak van kort opsommings, op so ´n wyse dat dit nie steurend is vir die leser nie.

Die verhandeling sny ook die Tswana aan as voorbeeld van die invloed wat die Difaqane op die lewe van dié Suider-Afrikaanse Bantoegroep uitgeoefen het. Waarom die keuse op die Tswana geval het, was omdat hulle oor ´n langer periode aan die rampspoed blootgestel was, en ook baie meer aanslae moes deurstaan. Dus was hul aan ´n intensiewer rampgebeure onderwerp. Die skokgolwe wat oor die Drakensberg gerol het, die Vrystaat binne, het eers die Maphuting - Fokeng - Taung - golf oor

die Tswana laat rol. Hierna het die Matabele as agterhoede verdere rimpelinge van geweld, moord, uitdelging, ontvolking, verstrooiing en kannibalisme oor die Tswana laat spoel sodat die Difaqane in sy volheid sy tol van hierdie volksgroep geëis het.

Verder is die verloop van gebeure volgens eie insig in fases verdeel (kyk diagrammatiese voorstelling van die Difaqane). Die doel hiermee is om onderskeid te tref tussen gebeure wat ´n eiesoortige reaksie of stimulus in die Difaqane tot gevolg gehad het. Hierdie wyse van opteken lewer ook probleme waarvan die volgende die belangrikste is:

- Daar kan nie werklik onderskei word tussen die einde en aanvang van fases nie;

- aanvalle op stamme en sibbes het mekaar oor tydperke opgevolg. Gevolglik het dit gebeur dat as die een stam vlug, en die Difaqane verder uitdra, ´n ander groep wat tot dieselfde fase van gebeurtenisse aanleiding gegee het, nog nie aangeval of verdryf is nie. Dus is die fase-indeling eerder geskoei op gebeurtenisse as op tydfases. Die aanvangsfase is deurspek van gebeurtenisse wat gevolg het op oorloë en vlug wat op hul beurt weer gevolg het op ekspansionisme, oorheersing en magsuitbreiding. Kenmerkend weer van die tweede fase was die oordrag van die stryd, deur vlugtendes wat sekondêr gestaan het teenoor die ekspansionisme in Natal, na ander gebiede van Suider-Afrika. Die derde fase is voortgedra deur tersiêre groepe wat uitgewyk het voor die sekondêre groepe. Kenmerkend hier is die patroon van nomadiese stroperbendes wat hierdie fase gekarakteriseer het.

´n Volgende probleem wat in die bestudering van gebeure opgeduik het, was om onderskeid te tref tussen "gewone" stamoorloë en Difaqanegevegte. Tussen die twee soorte oorloë is daar slegs ´n dun skeidslyn, en in baie gevalle is dit uiters moeilik om hulle te onderskei van mekaar. In die geval van stamoorloë was die motief, wat

aanleiding gee tot die soort konfrontasie, in die meeste gevalle, die verkryging van vee, of die stryd oor weidingsregte, water vir veesuipings of die beskikbaarstelling van landerye. In ander gevalle het dit gegaan oor opvolging van kapteinskappe of die afstaan van regentskappe aan die regmatige opvolger van die afgestorwe leier.

Die Difaqaneoorloë toon raakpunte met stamgevegte, dog tydens die Difaqane het dit in die meeste gevalle gegaan oor oorlewing - met ander woorde die verkryging van voedsel waar ´n gevestigde stam of sibbe uit sy woonplek verdryf word sodat die nodige lewensmiddele deur die aanvallers verkry kan word. Vee is ook tydens die Difaqane geroof, dog met die verskil dat dit nie was om eie veestapels aan te vul nie, maar om verlore troppe vee te vervang wat deur ´n ander groep in totaal gestroop is. Landerye is ook tydens die Difaqane geneem, nie om weer te bewerk nie, maar om te plunder en net so verwoes agter te laat, in baie gevalle om nooit weer bewerk te word nie. Stamgebiede is binnegeval, nie om te okkupeer nie, maar om te verwoes, te plunder, te roof en in baie gevalle te verbrand.

1.3 Onderskeid tussen verskillende vestigingspatrone

Hiermee saam moet onderskeid getref word tussen die vestigingspatrone voor, tydens en na die Difaqane. Kenmerkend van die vestigingsgeskiedenis voor die Difaqane was dat:

´n Stam verdeel het op grond van verskille wat bestaan het oor opvolgregte, dit wil sê die stam was verdeeld tussen twee of meer aanspraakmakers op ´n kapteinskap. ´n Voorbeeld is die Tswanastamme van Wes-Transvaal. Na hul vestiging in die Rustenburg-Britsdistrikte het die Hurutse-Kwena stamgroep verdeel omdat twis onder die stamhoof Malope se kinders ontstaan het. Hierna het verdeling gekom onder Mahurutse (´n vrou) en Kwêna, wat nie die gesag van ´n vrou wou aanvaar nie. (Van der Wateren, 1980:3).

Later het die Kwênafaksie weer verdeel tussen Mamagopa, Bamangwato en Bangwaketse.

Hierdie wyse van stamverdeling was tiperend van die tyd voor die Difaqane. Die verskil egter met die Difaqanetyd was dat stamverdeling met geweld, en aanvanklik as gevolg van invalle plaasgevind het. Voor die Difaqane het dit gebeur dat stamme vrywillig herenig het, dog tydens die Difaqane is stamgroepe deur omstandighede buite hul beheer bymekaar gevoeg. Byvoorbeeld, die onderwerping deur die Matabele, wat die Tswanastamme verdelg het en slegs uit die oorlewendes enkeles geselekteer het wat tot die Matabelegeledere toegevoeg is. Op die wyse is lede uit verskillende stamme weer saamgevoeg. Nog ´n sprekende voorbeeld is die Zoeloe onder Tsjaka wat die Ngunisibbes van Noord-Natal versamel het en ook Moshesh wat vlugtelinggroepe, nie net uit Sotho- en Tswanageledere nie, maar ook uit die Ngunisibbes, verenig het om uiteindelik die Basothovolk te vorm. (Ellenberger, 1969: viii.)

´n Verdere verskil is dat die voor-Difaqane fissieproses gelei het tot die vorming van onafhanklike en selfstandige stamme. Hierteenoor het fusie, tydens en na die Difaqane in baie gevalle gelei tot die ontneming van selfstandigheid en onafhanklikheid van stamme met ´n eie identiteit, en in die proses is hulle opgeneem in ´n groter groep soos byvoorbeeld die Zoeloe, Matabele of Basotho. (Van der Wateren, 1980:5.)

´n Verdere verskil tussen die vestigingspatrone voor en tydens die Difaqane was dat voor die Difaqane afgeskeide groepe na willekeur ´n eie stamgebied geselekteer het en hulle daar gaan vestig het. Tydens die Difaqane moes die stam of woon waar die oorheerser hul vestig, of vlug na waar die veiligste beskutting gebied is. (´n Voorbeeld is die Barolong boo Rratshidi. Kyk 5.2.6.)

1.4 Betekenis en oorsprong van die woord "Difaqane"

In die algemene spreektaal word aanvaar dat Difaqane "verstrooiing" of "verwoesting" beteken. By implikasie is hierdie interpretasie van die woord nie verkeerd nie.

Wanneer die woord taalkundige ontleed word, lyk die letterlike betekenis soos volg: die wortel van die woord "faqa" is afgelei van die Suid-Sotho-woord "faqane" wat "time of great calamity" beteken. (Southern Sotho-English Dictionary. A. Mabille en H. Dieterlen, hersien R.A. Paroz, 1950: 52).
Mabille (e.a. 1950:52) verklaar verder dat "faqane" ook "oorloë", hongersnood, ens." kan beteken.
Die woord val in die "Li - Ma"-klas, dus "Lifaqane". Die betekenis is dus letterlik "Tyd van rampspoed". Om die rampspoed in sy oortreffende trap aan te dui, het dit in Setswana "Difaqane" geword.

Omdat hierdie werk ook op die Tswana konsentreer, is dit dus nodig om die woord te ver-tswana, en dan word "Li-faqane" verander na "Di-faqane". Dit is noodsaaklik om daarop te let dat die "q"-klank deur Setswana oorgeneem is omdat dit ´n vreemde klank in die besondere taal is.
Die oorsprong van die woord "Lifaqane" is dus uit Suid-Sotho. Die interpretasie daarvan deur Franse sendelinge en Franse skrywers soos die Ellenbergers, Pellisier, Lemeau en Rolland wat dit in hul geskrifte bekendgemaak het, het historici bewus gemaak van die inhoud, karakter en emosie van die woord "Lifaqane."
Dus kan samevattend gesê word dat die akkummulatiewe betekenis van die woord Difaqane, "Die tyd van rampspoed, oorloë", hongersnood en ellende" is.

1.5 Bronkritiek

Om die historiese feite vir hierdie studie uit bronne te verifieer, is op twee metodes besluit:
Eerstens om bronne met mekaar te vergelyk, en
tweedens, waar ´n skrywer oor ´n gebeurtenis verhaal het, is die terrein waar die gebeure afgespeel het besoek om te bepaal of

(a) die topografie korrek weergegee is, en of

(b) die gebeure, soos beskryf, wel so kon plaasgevind het.

(Die besoeke is gedoen by die hoofsentra van die gebeure.)

Primêre bronne, in die vorm van ooggetuieverslae deur sendelinge soos Moffat is gebruik. Hiervan is slegs enkeles beskikbaar, bv. Moffat se verslag oor die slag van Dithakong. (Ongelukkig het Moffat nagelaat om die korrekte ligging van Dithakong weer te gee - verwarring bestaan vandag oor die presiese ligging van dié Batlhapingstat).

Reisbeskrywings van Livingstone, Burchell, Isaacs, Thompson, Bains en andere het lig gewerp op die gebeure. Hul fonetiese weergawe van die taal het egter oneindige probleme ten opsigte van persoons- en plekname teweeggebring.
Selfs taalkenners het probleme ondervind om die werklike betekenis van hul fonetiese weergawe te bepaal. Enkele voorbeelde hiervan is:

Letakoo vir Dithakong
Pakadita vir Mphangazitha
Mosetoo vir Moshete

Iets wat egter nie voor die deur van die skrywers gelê kan word nie, is dat hul telkens berig het dat "Mantatee" verantwoordelik was vir die aanval op ´n stam of stat. (Northcott, 1961:97.) Hulle het berig wat hulle van die vreesbevange Swartes gehoor het. Dus het die bostelegraaf van die Swartes die verhaal van "Mantatee" se koms, aan die skrywers oorgedra, en hulle het geskryf wat hulle gehoor het en nie wat werklik

oorgedra, en hulle het geskryf wat hulle gehoor het en nie wat werklik beleef, ervaar en gesien is nie. Hierdie besondere probleem is die resultaat waarom latere skrywers aanvaar het dat die Batlokwa van Mantatese verantwoordelik was vir die oordrag van die Difaqane na die Wes-Transvaalse Batswana. Daarom kan die bostelegraaf die skuld vir die fout ontvang. Selfs Schapera, in The Tswana (1953:15) het in die slaggat getrap en verhaal dat Mantatese die Tswana aangeval het.

Uit sekondêre bronne, veral van skrywers wat ooggetuies se belewenisse weergegee het, kon kosbare gegewens verkry word. Dog die vaagheid waarmee skrywers soos onder andere Theal die besondere tema benader het, skep verwarring, en kan aanleiding gee dat navorsers op dwaalweë gelei word.

Die dagboek wat Fynn nagelaat het, soos dit verwerk is deur Isaacs bevat kosbaarhede, dog tydens die verwerking het baie verdraaiings ingesluip. Isaacs het ook die sensasionele in die boek oorbeklemtoon.

Bryant het reusewerk gelewer oor die Nguni, dog twee geslagte na die vestiging van die oorspronklike Zoeloeryk. Tydens die samestelling en optekening van sy werke is direkte weergawes van sy informante gegee sonder om dit te verifieer of sistematies tot ŉ sintese saam te voeg. (Wilson, 1982:337.)

Skrywers soos Becker en Ritter, hoewel hul werke nie as handboeke geskryf is nie, stel feite wat in baie opsigte histories verantwoordbaar en chronologies baie naby aan korrek is.

Peter Becker het voetnotas en bronoorspronge in "Path of Blood" en "Rule of Fear" gegee wat nie net van groot waarde vir ŉ navorser is nie, maar ook ŉ aanduiding gee van die erns waarmee hy sy geskrifte aangebied het. Ek was bevoorreg om Becker te ontmoet tydens besoeke aan my vader, C.F. Grönum, op die plaas Mosega. Tydens hierdie besoeke van Becker het ek vertroud geraak met sy werkmetode naamlik:

a) Onderhoudvoering met bronne wat beskik oor direkte historiese feite oor gebeure en plekke.

b) Besoeke aan plekke om topografiese en natuurkundige feite in te samel rondom gebeure en

c) om geskrewe bronne aan die hand van a) en b) te kontroleer en te verifieer.

Waar sommige skrywers, soos Potgieter, Theunissen en Molêma, werke die lig laat sien het met ´n ander doel as om geskiedenis as vak te dien, is dit moeilik gevind om emosie en feite van mekaar te skei. Potgieter (1938:68) wou ´n voorsaat se saak regverdig, en sommige feite is skeefgetrek in die proses. Veldslae (Mosega as voorbeeld) wat hy weergegee het, kon nie, na die bestudering van die topografie van die terrein, plaasgevind het soos wat dit in die werk verhaal is nie. Dieselfde voorbeeld, van die Mosegaslag, het Molêma (1966:18) ook nie korrek weergegee nie.

´n Verdere punt van kritiek op die geraadpleegde bronne is dat skrywers mekaar weerspreek. Gebeurtenisse wat wentel om die oordrag van die Difaqane, tydens die sekondêre fase, vanaf Natal na die Hoëveld, is verwarrend gestel deur die skrywers.

Bryant (1929:139) verklaar dat vier jaar verloop het vandat die Ngwane en Hlubi verdryf is totdat hulle oor die eskarpement getrek het. Ook word die aandeel van die Hlubi in die oordrag van die Difaqane afgeskeep. (Kyk 3.2.3 en 3.3.3 in teks.) Macgregor (1957:17) verklaar op sy beurt dat die Ngwane die Hlubi dadelik oor die Drakensberg verjaag het na die Hoëveldstreke en dat die Hlubi in 1822 tot die aanval op die Batlokwa oorgegaan het. Die oorsaak vir die vaagheid kan lê in die feit dat hul bronne verkeerde inligting gegee het of verkeerd aangehaal is as gevolg van taalverskille. ´n Verdere voorbeeld van die verwarring en vaaghede is Soga se beskrywing van die Gazaryk wat glad nie vergelykbaar is met dié van ander skrywers nie.

Theal (1908:381) en Ellenberger (1969:46) se beskrywing van die moord deur Sekonyela op Motshodi (Mjoli), die Hlubihoofman wat skuiling by Mantatese se Batlokwa gevind het, verskil so van mekaar dat navorsers dit, behalwe vir die name, as twee verskillende gebeurtenisse kan beskou. (Kyk teks 4.2.2.)

Datums oor gebeure verskil van skrywer tot skrywer, daarom moes die chronologie van gebeure fyn bestudeer word voordat ´n datum naastenby as korrek neergepen kon word.

´n Verdere metode wat gevolg is om feite van skrywers te verifieer, was om ter plaatse besoeke af te lê by slagvelde, statte, wegkruipplekke, vlug- en trekroetes sowel as by nasate van prominente figure uit die Difaqanetyd. Foto´s is geneem en kaarte is getrek om by die feite, naaste aan die waarheid, te kom. So is reise onderneem na Noord-Natal, Oos-Vrystaat, Noord- en Wes-Vrystaat, Wes- en Suidwes-Transvaal, en die Noord-Kaap. Besoeke by Zoeloekrale, Tswana- en Matabelevestigingsgebiede is onderneem. Onderhoude is met inwoners gevoer om feite te kontroleer, en die uitleg van plekke te bestudeer.

Hieruit is ook waardevolle afleidings gemaak wat sinvol in die studie geïnkorporeer kan word.

## 1.6 Toeligting

Ten slotte moet verklaar word dat die Difaqanegebeure nog nie voorheen so samevattend opgeteken is nie. Dit het die probleem geskep om verskillende karakters (elkeen met sy eie doel en benadering) se beskrywinge chronologies en logies te harmoniseer. Soos reeds uit paragraaf 1.5 afgelei kon word, is dit ´n haas onmoontlike taak.

In die aanvaarding dat hierdie epogmakende geskiedenis, weens die veelheid van detail, nie werklik behoorlik gerekonstrueer kan word nie, is noodwendig gebruik gemaak van herhalings. Om die indruk van

verwarring te ondervang, is die "goue draad" van die geskiedkundige verhaal telkens weer opgetel deur gebruik te maak van opsommings.

Die metaforiese aanbod van die Afrikaanse taal laat die atmosfeer van die Difaqanegeskiedenis duideliker tot die leser spreek, en volgens die taalversorger, C.L. Pottas (1987), "... het die gebruik van die historiese teenwoordige tyd geskiedkundige feite verlewendig."

Die kaarte by elke karakter wat beskryf is, is gekonstrueer uit versamelde feite van elke karakter, en is so getrou aan die waarheid soos wat die feite na vore getree het. Dit word by die studie ingesluit as verdere stof tot ordening van die feite.

1.6.1 Die begrip "Ryk" in Suider-Afrika

Om die stryd in Natal, wat primêr gegaan het om oorheersing en dus onderwerping van ander stamme en sibbes te begryp, is dit noodsaaklik om die politieke begrip rondom die woord "ryk" van nader toe te lig. Om dit te kan doen, moet vergelykend gekyk word na ryke wat elders in Afrika ontstaan het.

Die begrip, van die vestiging van ´n gebied onder die gesag van ´n outokratiese heerser, is nie vreemd vir die Afrikaan nie. Ook die wyse waarop gesag oor so ´n gebied gevestig en uitgeoefen is, is nie onbekend in die gebied nie. State het in Afrika bestaan wat ´n ooreenkoms toon met die Tsjakaanse staat, naamlik die state van die Soedangebied, (dit is Ethiopië, Funj, Darfur en Wadi), en dié van Wes-Afrika - dit is Bagirini, Hausa, Furta-Jalon, Ashanti, Dahomey en Benin. (Oliver en Atmore, 1969:7.) Suid van die Bantoelyn het, volgens Gailey (1970:145) so ver suid as die Zambesirivier, Bantoeryke bestaan, naamlik die Vakarangaryk en die Tukereryk. Die Karangasoldate, ook genoem die "sprinkane" (Gailey, 1970:149), het by wyse van plundertogte omliggende stamme onderwerp. Koning Mutota is deur die onderwerptes, "Mwene Mtapa" (die Groot Plunderaar) genoem. Van hier is die naam "Monomotapa" deur die Portugese afgelei, waaraan soveel romantiese

konnotasies deur die historici geheg is.

Kenmerkend van dié Afrikaryke was dat:

* ´n sterk persoonlikheid na vore getree het;
* ´n militêre mag opgebou is;
* onderwerpingsveldtogte geloods is;
* onderwerpte stamme op een of ander wyse binne sy gesagstruktuur geakkommodeer is;
* mans, uit die geledere van die onderwerptes, opgekommandeer is vir militêre diens in verdere ekspansionistiese veldtogte.

´n Verdere parallel tussen bv. die Vakaranga- en die Zoeloeryke was dat stamme of leiers van stamme wat gevlug het, die modus van onderwerping wat bestaan het by die oorspronklike outokraat, voortgesit het nadat hy hulle verdryf het. In die geval van die Nguni, was die omvang van die verdere uitdeining van die geweld egter baie groter met katastrofale gevolge binne die sekondêre en tersiêre fases wat opeenvolgend die binneland oorspoel het. (Gailey, 1970:149; Omer-Cooper, 1969:33.) Toe die geweld ook die binnelandse stamme getref het, het die Difaqane gevolg.

Ryksvorming het dramatiese veranderings in die leefwyse van die Afrikaan tot gevolg gehad, dog ryksvorming het nooit werklik in Suid-Afrika tot wasdom gegroei nie. Vergelyk hier die Afrikaryke in Benin met sy konings wat geslagte lank regeer het, en die Ashanti met sy goue stoelkultus wat lank die toneel oorheers het. Gesien teen hierdie agtergrond is die woord "Ryk", wat gekoppel word aan die Zoeloeterritorium slegs ´n eufemisme by gebrek aan ´n beter woord.

### 1.6.2 Opvolgingsorde

´n Volgende aspek wat toeligtend vermeld moet word, is die tradisionele opvolgingsorde van leierskap wat by die Bantoe bestaan het, en wat deur die oorheersingsdrang van Difaqanefigure tydens die Difaqane tot niet gemaak is.

Tradisioneel was daar by die Bantoe ´n orde van opvolging van kapteinskap by die Tswana of hoofmanskap by die Nguni. Die opvolgorde is deur tradisie neergelê binne die manlike lyn van die oudste seun by die mees senior vrou van die kaptein of hoofman. Dus het die leierskap gebly in die bloedlyn van die hoofman uit die afstammelinge van die vrou vir wie die stam die trougoedere gelewer het. [Trougoedere is Lobolo (Nguni) of Bogadi (Tswana).]
In die lig hiervan kan die oorname van die leierskap deur Tsjaka oor die Zoeloesibbe ge-evalueer word (Ritter, 1955:55 - 56), veral beskou deur die bril van Bryant se definisie: "The king of the clan was generally he of the longest known lineage, direct from the clans founder. The pride of pedigree was a universal human weakness, and pedigrees were wont to grow, as time progressed" (1949:466). Daarom kan die steun wat Dingiswayo aan Tsjaka verleen het ten gunste van die troonopvolging, gesien word as inmenging en direkte omverwerping van die Zoeloesibbe se opvolglinie.

Die Difaqane het ook, wat die Tswana betref, die opvolglyne van stamme beïnvloed. Moletsane van die Bataung as voorbeeld, het deur sy leierskapvermoë die leierskaplyn weggeraap voor Lerapo (Ellenberger, 1969:143), en sodoende ´n nuwe opvolglyn geskep wat volgens tradisie, en onder ander omstandighede (buite die Difaqane) nie normaalweg sou plaasvind nie.

## 1.7 Waardesisteme geheg aan die bees

Ter wille van hierdie studie is dit ook nodig om enkele gedagtes te wissel rondom die gebruik van veestrooptogte wat by alle Bantoestamme bestaan het.

Beeste, as besitting, se waarde het die Swartes se "rykdom" bepaal. Beeste is vir die Swartman die middel waarmee sy eie voortplanting verseker moet word - dus "bogadi/lobola" gegee word om ´n vrou te bekom. Beeste verseker verder voedsel - veral dikmelk was ´n gesogte

voedselsoort. (Northcott, 1961:74.) Beeste bring kontak tussen die mens en sy voorvadergeeste tydens offerandes. (Coertze, 1973:127.)

Dus, hoe meer vee ´n man besit, hoe groter sy aansien in die samelewing en hoe meer vroue kan hy trou. Moletsane het byvoorbeeld 33 vroue gehad by wie hy 115 kinders verwek het. (Ellenberger & McGregor, 1969: 167.) ´n Kaptein van ´n stam het ook beeste aan armer stamgenote gegee, wat die volle gebruik van die beeste geniet het. Dus het die kaptein of stamhoof op dié wyse sy band met sy stamgenote verstewig. Verder speel beeste ook ´n baie belangrike rol in hulle eie, besondere welvaartbeskouing.

Die gewone aanteel van vee was dus vir die Bantoe nie genoeg nie. Om hul beestroppe te vergroot, is rooftogte uitgevoer om ander stamme van hul troppe te beroof. Die Bataung van Moletsane was by uitstek veerowers. Die Maphuting van Rratsebe (Tshwane se oom) moes gedurige strooptogte beleef. Let wel, Tshwane het teenaanvalle geloods wat die vyandskap tussen die twee stamme verhoog het. (Kyk Hoofstuk 5.)

1.8 Tydskale

Onder historici en etno-historici bestaan daar verwarring oor die aanvangstyd van die Difaqane. Die standpunt gehuldig in hierdie studie is dat geen fase, in die verloop van die Difaqane, losgemaak kan word van die ander nie. Geen spesifieke tussenfase in die verloop kan uitgesonder word as die begin van die Difaqane nie. Die aanvang van die Difaqane moet gekoppel word aan die gebeure in Noord-Natal. Dus is die oorheersingstryd onder die Nguni, die daaropvolgende vlug van stamme uit Natal en die aanvalle op stamme op die Hoëveld en elders in Suider-Afrika net so geïntegreerd in die Difaqaneproses as die gebeure tydens die tersiêre fase. Allerweë word die rampspoed wat in hierdie stuk as die tersiêre fase beskryf word, alleen as die Difaqane beskou.

Na my mening is dit nie korrek om die fases te isoleer, en die Difaqane tot een greep in die verloop te beperk nie. Difaqane, wat gedefinieer

word as: "Die tyd van rampspoed, oorloë, hongersnood en ellende" (p. 8) het reeds in Noord-Natal begin en van hier af word elke fase ingesluit in die totale Difaqaneverloop.

Om die studie tot ´n sinvolle geheel te smee, is die verdeling in hoofstukke op die volgende onderskeibare momente gegrond:

a) Die opkoms van die Zoeloeryk, wat gebore is uit die begeerte na oorheersing en ekspansionisme, het sy ontstaan gehad by Dingiswayo en Zwide (Hoofstuk 2.)

b) Die direkte gevolg van die ekspansionisme was die weiering van sommige groepe tot onderwerping en hul gevolglike vlug uit Natal. Hierdie groepe het die oordrag van die Difaqane na ander streke van Suider-Afrika tot gevolg gehad. (Hoofstuk 3.)

c) Die verloop van gebeure wat hierna gevolg het, was ´n vloedgolf wat die Sotho van die Vrystaat in beweging gebring het om verder uit te dein en Difaqanegebeure op die Hoëveld laat ontplooi het. (Hoofstuk 4.)

d) Die inwoners van die verre en meer dorre binnelandse gebiede is deur die laaste deinende rimpelinge in die vloedgolf oorspoel om as figuurlike drenkelinge die geweld te absorbeer. (Hoofstuk 5.)

e) Laastens is die mag van die groot figure deur die aankoms van die Voortrekkers verbreek en is finaal ´n einde gemaak aan die Difaqane. (Hoofstuk 6.)

In Hoofstuk 6 word ook die gevolge van die Difaqane kortliks bespreek.